Downloaded from www.mycourses.co.za

higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SERTIFIKAAT

# OPENBARE FINANSIES N5

(21010045)

**2 Desember 2019 (X-Vraestel)**
**09:00–12:00**

**Hierdie vraestel bestaan uit 5 bladsye.**

Downloaded from www.mycourses.co.za

Downloaded from www.mycourses.co.za

**DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING**
**REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA**
NASIONALE SERTIFIKAAT
OPENBARE FINANSIES N5
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

---

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Beantwoord AL die vrae.

2. Lees AL die vrae aandagtig deur.

3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Skryf netjies en leesbaar.

---

Downloaded from www.mycourses.co.za
Kopiereg voorbehou

Downloaded from www.mycourses.co.za

## AFDELING A

## VRAAG 1

1.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.15) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 'n Suiwer demokrasie is 'n demokrasie waarin die mag om te regeer in die hand van die mense geleë is, eerder as wat dit deur verteenwoordigers uitgeoefen word.

1.1.2 Die parlement moet besluit hoe om die belastingbetalers se geld toe te wys om dienste aan die mense te lewer.

1.1.3 Inkomstebelasting van belastingbetalers is 'n bron van inkomste vanaf die sentrale regering.

1.1.4 'n Ware ekonomiese welsynstaat probeer om 'n demokratiese, vryeonderneming-, polities-ekonomiese stelsel in stand te hou en bevorder.

1.1.5 Onversadigbaar beteken vervul, lesbaar of bevredigbaar.

1.1.6 Indirekte deelname vind plaas deur middel van 'n verkose politieke verteenwoordiger of amptenaar.

1.1.7 Die Suid-Afrikaanse regering kan as 'n sosialistiese of kommunistiese regering gekategoriseer word.

1.1.8 Vertikale inkomsteverdeling vind plaas om eksternaliteite en ongelykhede te verminder.

1.1.9 'n Munisipaliteit kan eiendomsbelasting, aksynsbelasting en inkomstebelasting oplê.

1.1.10 Personeeldienste bied ondersteuning vir personeelvoorsiening deur posontleding, menslikehulpbronbeplanning, werwing, ensovoorts.

1.1.11 Onvoorwaardelike toelaes beteken fondse wat toegewys word sonder dat daar enige voorwaarde aan verbonde is.

1.1.12 Die president kan die openbare beskermer aanstel, wat direk aan die president rapporteer.

1.1.13 Sosiale (maatskaplike) billikheid of regverdigheid beteken om hoë morele en etiese standaarde te handhaaf.

1.1.14 Openbare inkomste is gelyk aan die totale inkomste van alle regeringsinstellings uit alle bronne.

1.1.15 *Laissez-faire* beteken dat die regering in die privaat ekonomie of sosiale aktiwiteite van individuele burgers of groepe inmeng.

(15 × 2) (30)

Downloaded from www.mycourses.co.za

Downloaded from www.mycourses.co.za


1.2 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B om by 'n term in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–J) langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 1.2.1 | Besteding van openbare geld | A | gemoeid met die bestuur van openbare fondse of geld |
| 1.2.2 | Hersiening van begroting | B | beteken onvervulde, onlesbare of onbevredigbaar |
| 1.2.3 | Ekonomiese welsyn | C | 'n Wet van die parlement sal die verkryging van enige goedere of dienste deur 'n onpartydige tenderraad reguleer |
| 1.2.4 | Finansiële rekeningkunde | D | gewenste minimum vlakke van diens word bepaal asook die koste om sodanige diens te voorsien |
| 1.2.5 | Depolitisering | E | die finansiële behoefte word gemeet met verwysing na die lewering van 'n gemiddelde diensstandaard |
| 1.2.6 | Ideale kriterium | F | die tesourie moet bepaal of alle regeringsdepartemente behoorlik gemotiveerde begrotingsvoorstelle het |
| 1.2.7 | Gemiddelde kriterium | G | gerig op die ontwikkeling van die ekonomiese en materiële welvaart van 'n individu |
| 1.2.8 | Openbare finansiële bestuur | H | byhou van alle rekords van inkomste en uitgawes |
| 1.2.9 | Onversadigbare vraag | I | skeiding of losmaking van belangrike diens van partypolitiek |
| 1.2.10 | Tenderrade | J | spandeer die geld eerlik en verantwoordelik wat behels dat die geld effektief en doeltreffend spandeer word |

(10 × 2) (20)
**[50]**

**TOTAAL AFDELING A: 50**

Downloaded from www.mycourses.co.za
Kopiereg voorbehou

 Downloaded from www.mycourses.co.za 

## AFDELING B

### VRAAG 2

2.1 Brei kortliks uit oor twee besluitnemingstelsels waar besluite kollektief geneem word. (9 × 2) (18)

2.2 Noem SES kenmerke van sosialisme. (6 × 2) (12)

2.3 Noem en verduidelik VYF funksies van die tesourie. (10 × 2) (20)
**[50]**

### VRAAG 3

3.1 Noem VYF vorms van stimulasie van ekonomiese ontwikkeling ten einde meer welvaart en rykdom vir die landsburgers te skep. (5 × 2) (10)

3.2 Noem SEWE riglyne wat die eksterne statutêre beheer vorm. (7 × 2) (14)

3.3 Die primêre doelwit van toelaes is om te verseker dat elke regeringsowerheid voldoende finansiële middele het om 'n minimum vlak van die openbare dienste te verskaf sonder om 'n verdere belastinglas op daardie spesifieke gemeenskap op te lê.

3.3.1 Verduidelik die term *toelae* in jou eie woorde. (2)

3.3.2 Verduidelik kortliks DRIE interregringstoelaes. (3 × 4) (12)

3.3.3 Noem DRIE voorbeelde van interregringstoelaes. (3 × 2) (6)

3.4 Noem DRIE kriteria wat gebruik kan word om finansiële kapasiteit te bepaal. (3 × 2) (6)
**[50]**

### VRAAG 4

4.1 Noem SES demokratiese beginsels van finansiële stelsels. (6 × 2) (12)

4.2 Noem SES bronne waarvandaan die munisipaliteit sy inkomste verkry. (6 × 2) (12)

4.3 Noem VYF redes waarom die staat sy dienste privatiseer. (5 × 2) (10)

4.4 Noem kortliks en verduidelik ander tipes eiendomsbelasting wat bronne van inkomste vir die sentrale regering is. (6 × 2) (12)

4.5 Onderskei tussen *vertikale* en *horisontale* fiskale billikheid. (2 × 2) (4)
**[50]**

**TOTAAL AFDELING B: 150**
**GROOTTOTAAL: 200**

Downloaded from www.mycourses.co.za

Kopiereg voorbehou